GEDRAGSKODE

AARTAPPELMOERHANDELAARS

1. Die Status

Die doel van die gedragskode is om algemene samewerking tussen die aartappelmoerkwekers, aartappelprodusente en aartappelmoerhandelaars tot stand te bring ten einde die ordelike bemarking van gesonde aartappelmoere te verseker.

Die gedragskode het nie ten doel om die vrye werking van markmeganismes te benadeel nie, maar om gesonde sakepraktyke binne die aartappelbedryf te bevorder.

Die gedragskode het ook ten doel om ‘n handelaar wat aartappelmoere verhandel, by die Aartappelmoerhandelaarsforum (hierna genoem MHF) te kan akkommodeer, welke registrasie aan so ‘n handelaar die reg verleen om ‘n Sertifikaat van Getrouheid te bekom. Die MHF behou die reg voor om die gebruik van so ‘n sertifikaat te onttrek indien ‘n handelaar nie by die kode hou nie.

2. Professionele optrede

‘n Handelaar behoort met beleefdheid en bedagsaamheid teenoor diegene met wie hy in die bedryf in aanraking kom, op te tree. Sy optrede behoort die aansien van en vertroue in die bedryf ten alle tye te bevorder.

3. Bemarking van moere

3.1 Lede van die MHF verbind hul om slegs met die volgende moere handel te dryf:

- Gesertifiseerde aartappelmoere ooreenkomstig die bepalings van die Suid-Afrikaanse Aartappelmoersertifiseringskema (hierna genoem Sertifiseringskema) in terme van die Plantverbeteringswet, 1976 (Wet no. 53 van 1976); en

CODE OF CONDUCT

SEED POTATO TRADERS

1. The Status

The aim of the code is to establish general co-operation between the seed potato growers, potato producers and seed potato traders in order to ensure the orderly marketing of healthy seed potatoes.

It is not the aim of the code of conduct to harm the free working of market mechanisms, but to promote healthy business practices within the potato industry.

It is also the aim of the code of conduct to be able to accommodate a trader who trades in seed potatoes into the Seed Potato Traders Forum (hereafter referred to as SPTF) which registration gives such a trader the right to receive a Certificate of Trustworthiness. The SPTF reserves the right to withdraw such a certificate should a trader not comply with the code.

2. Professional behaviour

A trader should behave with politeness and thoughtfulness towards those with which he comes into contact in the industry. His behaviour should promote the prestige and the reliability of the industry at all times.

3. Marketing of seed potatoes

3.1 Members of the SPTF pledge to only trade the following seed potatoes:

- Certified seed potatoes in accordance with the stipulations of the South African Seed Potato Certification Scheme (hereafter referred to as Certification Scheme) in terms of the Plant Improvement Act, 1976 (Act no. 53 of 1976).

3.2 Lede van die MHF erken planttelersregte soos onderskryf deur die United Producers Organisation of Varieties (UPOV) ooreenkoms.

4. Integriteit, Objektiwiteit en Onafhanklikheid

4.1 ‘n Handelaar sal ten alle tye in sy benadering tot en in die uitvoering van sy werk, in belang van die aartappelbedryf optree.

4.2 In die uitvoering van sy beroep behoort ‘n handelaar vry te wees van enige belang wat teenstrydig met dié van die Sertifiseringskema beskou kan word.

4.3 ‘n Handelaar behoort ten alle tye die bepalings van die Sertifiseringskema te eerbiedig, die beeld van die moerbedryf te bevorder en die riskantheid van lae kwaliteit moere, veral ten opsigte van grondgedraagde siektes, aan kopers voor te hou.

4.4 ‘n Handelaar behoort die gesag van die amptenare wat in die uitvoering van hul plig vir die toepassing van die Sertifiseringskema verantwoordelik is, te aanvaar.

4.5 ‘n Handelaar sal ten alle tye in sy benadering tot en in die uitvoering van sy werk die beroep van die aartappelmoerhandelaar eerbiedig en bevorder.

5. Kennis en Vaardighede

5.1 ‘n Handelaar behoort oor ‘n hoë vlak van kennis en kundigheid ten opsigte van die vereistes te beskik, soos in die Sertifiseringskema bepaal, om sodoende ‘n professionele diens aan die bedryf te kan lewer.

5.2 ‘n Handelaar behoort homself op hoogte te hou van alle wette en regulasies wat hom in die beoefening van sy beroep raak, en moet, vir sover dit in sy vermoë is, met die toepassing daarvan behulpsaam wees.

3.2 Members of the SPTF acknowledge plant breeders’ rights as endorsed by the Unite Producers Organisation of Varieties (UPOV) agreement.

4. Integrity, Objectivity and Independence

4.1 A trader shall, at all times, act in the interest of the potato industry through his approach and in the execution of his work.

4.2 In the execution of his profession he should be free of any interest which can be regarded contradictory to that of the Certification Scheme.

4.3 A trader should, at all times, respect the stipulations of the Certification Scheme, promote the image of the seed potato industry, and proffer the risk of poor quality seed potatoes, especially in respect of soil borne diseases, to buyers.

4.4 A trader should accept the authority of the officials who, in the execution of their duties, are responsible for the application of the Certification Scheme.

4.5 A trader shall, at all times, respect and promote the profession of the seed potato trader in the execution of his work.

5. Knowledge and Skills

5.1 A trader should dispose of a high level of knowledge and skills in respect of the requirements as stipulated in the Certification Scheme, in order to render a professional service to the industry.

5.2 A trader should keep abreast of all Acts and regulations which affects him in the execution of his profession, and must, as far as it is in his power, be of assistance with the application thereof.

6. Vertroulikheid

‘n Handelaar sal die vertroulikheid van inligting wat hy in die loop van sy werk ten opsigte van moerkwekers en die bedryf inwin, eerbiedig en hy mag nie sulke inligting onbehoorlik aanwend of sonder magtiging gebruik of openbaar nie, tensy daar ‘n wetlike plig op hom rus om dit te doen.

7. Publisiteit

7.1 Handelaars lewer ‘n gespesialiseerde diens aan die aartappelbedryf. Om hulle in staat te stel om hul besighede saakkundig te bedryf en om op ‘n doeltreffende wyse met individue en ander organisasies wat soortgelyke dienste of besighede bedryf te kan meeding, is dit nodig om die dienste wat gelewer word te adverteer, en wel onder die volgende voorwaardes:

- Met die oog op publisiteit of die advertering van sy dienste sal ‘n handelaar ‘n behoorlike verantwoordelikheidsin teenoor die professie en die betrokke rolspelers in sy geheel aan die dag lê.

- Advertering sal van goeie smaak te getuig wat die inhoud sowel as die aanbieding betref en mag ander handelaars se dienste nie afkam nie.

- Advertensies behoort aan die aanvaarde vorme van wettigheid, ordentlikheid, eerlikheid en waarheid te voldoen en moet met die waardigheid van die bedryf strook.

- ‘n Handelaar sal nie besigheid bekom of poog om dit te bekom deur enige vals, minsleidende of twyfelagtige inligting van welke aard ookal, te propageer of 'n wanindruk van die moerbedryf te skep nie.

6. Confidentiality

A trader should respect the confidentiality of information which he gathers in the course of his word in respect of seed potato growers and the industry, and he may not apply such information improperly or make use of or make public without authorisation, unless he has a legal responsibility to do so.

7. Publicity

7.1 Traders render a specialised service to the potato industry. To enable them to run their businesses in a businesslike manner, and compete with individuals and other organisations who run similar businesses, effectively, it is necessary to advertise the services that are rendered, under the following conditions:

- With a view to publicity or the advertising of his services, a trader should display a proper sense of responsibility towards the profession and the relevant role players as a whole.

- Advertising should be done in good taste with regard to content as well as the presentation and may not diminish the services of other traders.

- Advertisements should comply with all accepted forms of legality, respectability, honesty and truthfulness and must be in line with the dignity of the industry.

- A trader shall not obtain or attempt to obtain through any false, misleading or questionable information whatsoever, or propagate or create a misconception of seed industry.

- n Handelaar sal nie besigheid bekom of poog om dit te bekom deur kopers direk of indirek te beïnvloed om nie ander moerkwekers of organisasies wat nie by die MHF geakkrediteer is nie, se moere te koop nie.

7.2 Die MHF onderneem om deurlopend ‘n ledelys in die tydskrif CHIPS asook op die webwerf van Aartappels Suid-Afrika te publiseer.

8. <u>Oortreding van Spelreëls</u>

8.1 By ontvangs van ‘n klagte deur die MHF dat ‘n handelaar die spelreëls oortree het, sal die klagte deur die MHF ondersoek word.

8.2 By skuldigbevinding deur die MHF kan sodanige handelaar deur die MHF geskors of sy lidmaatskap beëindig word.

8.3 By skorsing of die beëindiging van lidmaatskap sal die MHF reël dat die handelaar se naam ook van die ledelys in CHIPS en op die webwerf van Aartappels Suid-Afrika verwyder word.

- A trader shall not obtain or attempt to obtain business by directly or indirectly influencing buyers not to buy seed potatoes from other seed potato growers or organisations who are not accredited with the SPTF.

7.2 The SPTF undertakes to publish a membership list in the magazine CHIPS and on the Potatoes South Africa website on a continuous basis.

8. <u>Transgression of the Rules of the Game</u>

8.1 On receipt of a complaint by the SPTF of a trader transgressing the rules, the complaint will be investigated by the SPTF.

8.2 On conviction by the SPTF, such a trader can be suspended or his membership be terminated by the SPTF.

8.3 On suspension or termination of membership, the SPTF will arrange that the name of the trader be removed from the membership list in CHIPS and from the website of Potatoes South Africa.